

Saaknommer: 406/83

WHN

PAUL JACOBUS HEYMANS

Appellant

en

BEATRICE ALETTA VAN TONDER

Respondente

(gebore VAN DER WESTHUIZEN,
voorheen HEYMANS)

JOUBERT, AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPELAFDELING

In die saak tussen

PAUL JACOBUS HEYMAN5 Appellant

en

BEATRICE ALETTA VAN TONDËR Respondente
(gebore VAN DER WESTHUIZEN,
voorheen HEYMANS)

Coram: ' RABIE, HR et JANSEN, JOUBERT, VILJOEN, HEFER ARR

Verhoor: 9 Mei 1985

Gelewer: 29 Mei 1985

UITSPRAAK

JOUBERT, AR

/Die.....

Die appellant is die seun van die egpaar

Paul Jacobus Heymans (die testateur) en Beatrice Aletta

Heymans (die testatrise) wat buite gemeenskap van goedere

met mekaar getroud was en wat op 15 Desember 1958 'n

gesamentlike testament verly het. Daarin het hulle hul

onderskeie boedels as een gesamentlike boedel saamgesmelt

vir doeleindes van beskikking daaroor (klousule 2). Hulle

het ook die langslewende benoem as die enigste erfgenaam

van die gesamentlike boedel by die dood van die eerssterwende

onderhewig aan twee voorwaardelike fideicommissa ten

aansien waarvan die appellant die fideikommissêre

begunstigde of erfgenaam is {klousule 3 en 4). Die

/testateur.....

3

testateur is as eerssterwende op 8 Junie 1975 oorlede en

die testatrise het as langsliewende die voordele onder die

gesamentlike testament geadieer. Op 26 Mei 1981 het

die testatrise hertrou met ene Van Tonder. Die appellant

het op 1 Desember 1981 in die Oranje Vrystaatse Provinsiale

Afdeling 'n aksie teen die testatrise as verweerderes (tans

respondente) ingestel vir 'n bevel:

(1) wat haar gelas om 'n inventaris van alle boedelbates

in haar besit op die datum van haar hertroue met

die waardes daarvan, soos op gemelde datum, aan hom

te verskaf;

(2) wat debattering van die waardes van die boedelbates

gelas;

/3. wat

4

(3) wat haar gelas om helfte van sodanige waardes plus

rente aan hom te betaal; en

(4) wat haar gelas om die koste te betaal.

Op die pleitstukke was haar standpunt dat sy slegs 'n

inventaris ten aansien van sommige boedelbates soos op

datum van die afsterwe van die testateur teen die waardes

op gemelde datum toepaslik moet opstel en aan die appellant

as eiser lewer. Toe DE WET R die saak op 7 Desember

1982 verhoor het, het die partye ooreengekom om geen

getuienis voor te lê nie. Hulle het die hof a quo versoek

om die volgende drie geskilpunte te besleg:

1. Watter bates vorm die gesamentlike boedel waarop

die eiser (appellant) volgens die bepalings van die

gesamentlike testament aanspraak het ?

/2. Op

.....

5

2. Op watter datum moet die waarde van die boedelbates

bepaal word d.w.s. die datum van die oorlye van die

testateur of die datum van hertroue van die testatrise

as langsliewende ?

3. Is die verweerderes (respondente) verplig om helfte

van die waarde van die boedelbates, soos supra bepaal,

uit te betaal of is sy geregtig om sekuriteit te stel

en indien laasgenoemde moet die sekuriteit vrugtedraend

wees of nie ?

Op 23 Desember 1982 is die uitspraak van die hof a quo

gelewer wat in 1983(2) SA 242(0) gerapporteer is. Die

eerste geskilpunt is ten gunste van die appellant beslis,

nl. dat die boedelbates alle voorwaardelike vorderingsregte

/insluit.....

6
insluit. Die tweede geskilpunt is ook ten gunste van

die appellant beslis nl. dat die testateurs in klousule

3 van. die gesamentlike testament bedoel het dat dit die

waarde van die boedelbates ten tyde van die hertroue van

die langsliewende is. Die derde geskilpunt is ten gunste

van die respondente beslis nl. dat klousule 3 van die

gesamentlike testament verleen aan die langsliewende 'n keuse

om by hertroue óf helfte van die waarde van die gesamentlike

boedel aan die appellant uit te betaal óf om aan hom

sekuriteit daarvoor te gee tot bevrediging van die Meester.

Omdat 'n bepaling ontbreek dat die sekuriteit rentedraend

moet wees, was die bedoeling van die testateurs dat

sekuriteit gestel word sonder om rentedraend te wees.

/Geen

Geen kostebevel is verleen nie.

Tans kom die appellant in hoër beroep
na hierdie Hof teen die uitspraak van die hof a quo t.o.v
die derde geskilpunt.

Klousules 3, 4 en 5 van die gesamentlike
testament lui soos volg:

"3. Ons stel aan as enigste erfgenaam van ons
gehele gesamentlike boedel en bate,
roerend en onroerend en waar ookal geleë
en of ons dit nou besit of wel in die toe=
koms mag besit deur terugvalling, verwagting
of toeval, die langslewende van ons, onder=
worpe egter aan die voorwaarde dat indien
die langslewende van ons hertrou, sal hy of
sy 'n bedrag gelykstaande aan een-helfte ($\frac{1}{2}$)
van die waarde van ons gesamentlike boedel
aan ons seun PAUL JACOBUS HEYMANS (gebore
op 5 Oktober 1951} uitbetaal of versekureer
tot bevrediging van die Meester van die
Hooggeregshof.

/4. Indien

4. Indien ons gelyktydig te sterwe kom, of indien die langsliewende van ons te sterwe kom sonder om 'n Testament na te laat, dan stel ons hiermee aan as die enigste en universele erfgenaam van ons gehele gesamentlike boedel en bate of van wat daarvan mag oorbly by die dood van die langsliewende van ons, ons seun, PAUL JACOBUS HEYMANS (gebore op 5 Oktober 1951).

 5. Ons stel die langsliewende van ons as Eksekuteur of Eksekutrise van ons Testament, Beredderaar of Beredderaarster van ons boedel, asmede Voog of Voogdes van ons genoemde minderjarige seun, PAUL JACOBUS HEYMANS en vergun aan mekaar wedersyds alle sodanige mag soos deur die Wet toegelaat word en veral die mag van assumpsie."
- (My onderstreping).

Klousules 3 en 4 bevat die gesamentlike
beskikking van die testateurs oor hul gesamentlike boedel.

In klousule 3 stel die eerssterwende die langslewende aan

/as.....

as enigste erfgenaam van die gesamentlike boedel by die dood van die eerssterwende. In die alternatief stel die testateurs gesamentlik hul seun (die appellant) aan as die enigste erfgenaam van die gesamentlike boedel indien beide

testateurs gelyktydig te sterwe kom (klousule 4). Die

testateurs het dus wel rekening gehou met die moontlikheid

dat hul seun die hele gesamentlike boedel as hul enigste

erfgenaar kan erf indien hulle' gelyktydig te sterwe kom.

Wat erfstelling betref, is die posisie dan dat die langsliewende

die enigste erfgenaar van die gesamentlike boedel is waar

een van die testateurs as eerssterwende voor die langsliewende

sterf. Dog waar beide testateurs gelyktydig sterf, is hul

seun die enigste erfgenaar van die gesamentlike boedel.

/Die

Die erfstelling van die langsewende as enigste erfgenaam van die gesamentlike boedel by die dood van die eerssterwende (klousule 3) is egter onderhewig aan twee voorwaardelike fideicommissa wat in klousules 3 en 4 beliggaam is.

Volgens klousule 4 is die erfstelling van die langsewende as fiduciarius / fiduciaria onderhewig aan 'n voorwaardelike fideicommissum residui indien die langsewende sonder 'n testament te sterwe kom in welke geval hul seun die fideikommissêre erfgenaam is van wat oorbly van die gesamentlike boedel by die dood van die langsewende

Volgens klousule 3 is die erfstelling van die langsewende as fiduciarius / fiduciaria onderhewig aan

/ 'n

'n voorwaardelike fideicommissum indien die langsliewende hertrou in welke geval die langsliewende helfte van die waarde van die gesamentlike boedel aan hul seun as fideikommissêre begunstigde moet "uitbetaal of versekureer tot bevrediging van die Meester". Die vraag is wat beteken die sinsnede "uitbetaal of versekureer tot bevrediging van die Meester" in klousule 3- Na my mening werp klousule 4 op sigself geen lig op die betekenis van hierdie sinsnede in klousule 3 nie. Die gemelde sinsnede veroorsaak onduidelikheid oor wanneer die uitbetaling moet geskied deur "uitbetaling" en "versekureer" met mekaar te kontrasteer. Die vraag is wanneer vind dies venit plaas volgens klousule 3

/Dit

Dit was namens die respondente aangevoer dat die bedoeling van die testateurs duidelik uit die bewoording van klousule 3 blyk, naamlik dat die langsllewende by hertroue 'n keuse het om helfte van die waarde van die gesamentlike boedel óf dadelik aan hul seun uit te betaal óf om sekerheid aan die Meester te stel vir die eventuele uitbetaling daarvan aan hom, soos die hof a quo beslis het. So 'n vertolking verg dat daar aan die einde van klousule 3 woorde soos "solank die langsllewende besluit om nie uit te betaal nie" of woorde met 'n soortgelyke betekenis ingelees moet word. Die effek van klousule 3 is dan dat die appellant as fideikommissêre begunstigde op die

/oomblik

oomblik van die hertroue van die respondente as fiduciaria

'n gevestigde reg verkry het om aanspraak te maak op helfte

van die waarde van die gesamentlike boedel. Dies cedit

vind derhalwe plaas op die oomblik van die hertroue van die

respondente, d.w.s. op 26 Mei 1981, maar die uitbetaling aan

die appellant kan na keuse van die respondente òf by haar

hertroue geskied òf uitgestel word solank sy dit goedvind -

desnoods tot haar oorlye. Dies venit word dus deur die

respondente bepaal en dit kan plaasvind by haar hertroue

6f gedurende haar lewe òf selfs by haar oorlye waar sy

versuim het om dit uit te oefen terwyl sy nog in lewe was

Die vasstelling van die tydstip wanneer dies venit aanbreek,

hang nie van objektiewe feite af wat in die gesamentlike

/testament

testament deur die testateurs aangedui is nie maar van die respondente se willekeurige wilsbesluit. Dit kan enige oomblik wees vanaf haar hertroue tot haar oorlye. Dit bring mee dat dies venit 'n volkome onsekere tydstip is wat geheel en al van die willekeurige wilsbesluit van die respondente na haar hertroue afhang. Die appellant mag selfs voor die respondente te sterwe kom nadat sy hertrou het en dan moet sy boedel wag totdat die respondente besluit om die datum van uitbetaling te bepaal. Na my mening maak 'n dergelike vertolking klousule 3 nie vatbaar vir 'n redelike vertolking nie. Vergelyk die uitspraak van hierdie Hof in C.I.R. & Others v Sive's Estate 1955(1) SA 249(A) op bl 260 C, gelees met die uitspraak

/in

in Van der Merwe v Viljoen 1953(1) SA 60 (A) op bl 65

C-D, oor die beginsels wat geld by die inlees van woorde

in 'n testament, ewe-as in 'n kontrak, by wyse van
noodsaaklike

implikasie ten einde 'n testament vatbaar te maak vir 'n
redelike vertolking.

Klousule 3 is ook vatbaar vir 'n ander
vertolking wat verg dat aan die einde daarvan die woorde

"solank ons seun minderjarig is" ingelees moet word.

Die effek van klousule 3 is dan dat die appellant as
fideikominissêre begunstigde op die oomblik van die hertroue
van die respondente as fiduciaria 'n gevestigde reg verkry
om aanspraak te maak op helfte van die waarde van die

/gesamentlike

.....

gesamentlike boedel ongeag of die appellant op daardie tydstip meerderjarig of minderjarig is. Dies cedit vind derhalwe plaas op die oomblik van hertroue van die respondente, d.w.s. op 26 Mei 1981, ongeag die ouderdom van die appellant. Wat die uitbetaling aan die appellant betref, val dit saam met die hertroue van die respondente indien hy op daardie tydstip meerderjarig is. Dies cedit en dies venit val saam indien die appellant by hertroue van die respondente meerderjarig is. Dog indien hy minderjarig by die hertroue van die respondente is dan vind dies cedit wel plaas maar die uitbetaling vind eers plaas wanneer hy meerderjarigheid bereik (dies venit) terwyl die respondente verplig is om hangende sy meerderjarigwording sekerheid tot bevrediging van die Meester

/vir

vir die uitbetaling te stel. Volgens hierdie vertolking van klousule 3, waarop die appellant hom beroep het, vind dies venit plaas by die hertroue van respondente indien die appellant dan meerderjarig is terwyl uitbetaling uitgestel word totdat hy meerderjarigheid bereik indien hy by die hertroue van die respondente nog minderjarig is Dies venit word deur objektiewe feite bepaal nl die meerderjarigheid van of bereiking van meerderjarigheid deur die appellant waarby die respondente hoegenaamd geen keuse het nie. Sy is verplig om by haar hertroue die uitbetaling aan die appellant te doen indien hy meerderjarig is of wanneer hy meerderjarig word indien hy minderjarig is.

/Steun

Steun vir hierdie benadering kan in die gesamentlike

testament gevind word deurdat daar in klousule 3 sowel as

in klousule 4 'n indicium is deurdat die testateurs uit=

druklik vermeld dat die appellant op 5 Oktober 1951 gebore

is. Hierdie feit dat hulle tweekeer sy geboortedatum

vermeld, is 'n baie sterk aanduiding dat hulle by die opstel

van hul gesamentlike testament steeds die jeugdigheid van

die appellant in gedagte gehad het. Die appellant was

toe 7 jaar oud. In klousule 5 het hulle die langs=

lewende as voog/voogdes van hul minderjarige seun aangestel

Hierdie vertolking van klousule 3 met die inlees aan die

einde daarvan van die woorde "solank ons seun minderjarig is"

is nie alleen meer logies nie maar dit is ook billiker en

/waarskynliker

.....

waarskynliker as die ander vertolking van klousule 3 wat aan die langsllewende by hertroue 'n keuse gee om uit te betaal of sekerheid te stel vir 'n onbepaalde termyn wat deur die langsllewende se willekeurige wilsbesluit bepaal word ongeag die leeftyd van die testateurs se seun. Volgens die vertolking van klousule 3 wat die appellant voorstaan, is die appellant by hertroue van die respondente geregtig op uitbetaling indien hy dan meerderjarig is, en indien hy minderjarig is sodra hy meerderjarig word. Hy kan dan die geld wat aan hom uitbetaal word, aanwend soos hy goetvind sonder om in 'n toestand van onsekerheid oor die uitbetaling gehou te word wanneer die respondente uiteindelik

/haar

haar keuse gaan uitoefen om die uitbetaling aan hom te
doen indien die vertolking van klousule 3 sou geskied

op die wyse wat die respondente voorstaan. Tereg
maak Steyn, Law of Wills in South Africa, 2e druk,

bl 54 die volgende stelling:

"In dealing with the wills of parents
a construction which is benign and in
accordance with their natural affec=
tion towards their children must, in
cases of doubt, be preferred to one
that is harsh and repugnant."

In die lig van die voorgaande is ek van
oordeel dat die vertolking wat die appellant van klousule 3

/voorstaan

voorstaan en wat verg dat aan die einde daarvan die
 woorde "solank ons seun minderjarig is" ingelees word
 die juiste vertolking van klousule 3 is. In die
 onderhawige geval was die appellant reeds meerderjarig
 toe die respondente op 26 Mei 1981 hertrou het. Dies
cedit en dies venit het op gemelde datum saamgeval.

Die resultaat is dan soos volg :

1. die appèl slaag met koste.
2. die uitspraak van die hof a quo word in die

volgende mate gewysig :

/"Die

"Die derde geskilpunt word ten gunste van
 die eiser uitgewys deurdat die verweerderes
 verplig is om helfte van die waarde van die
 bates soos op die datum van haar hertroue op
 26 Mei 1981 aan die eiser te betaal.

C.P. JOUBERT, AR

RABIE	HR	}
JANSEN	AR	)
HEFER AR	)	

Stem saam

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen

PAUL JACOBUS HEYMANS APPELLANT

en

BEATRICE ALETTA VAN TONDER RESPONDENTE

Coram : RABIE, HR, JANSEN, JOUBERT, VILJOEN,
HEFER, ARR

Verhoordatum : 9 MEI 1985

Leweringsdatum : 29 MEI 1985

UITSPRAAK

VILJOEN, AR

Ek het die voorreg gehad om die uitspraak
van my kollega Joubert te lees. Ek stem egter nie

saam/ ...

2.

saam dat die appèl moet slaag nie. Na my oordeel

misluk die appèl om die redes wat volg.

Dit is af te lei uit die bepalings van die testament dat die erflaters die langsewende van hulle veel meer wou bevoordeel as hul aangenome seun, die appellant. Kragtens klousule 3 is die hoofbepaling die aanstelling van die langsewende van hulle as die enigste erfgenaam van hulle hele gesamentlike boedel. Die appellant erf slegs die gesamentlike boedel, as albei van hulle gelyktydig te sterwe kom of as die langsewende te sterwe kom sonder om 'n testament na te laat; in laasgenoemde geval erf hy slegs dit wat van die gesamentlike boedel oorbly (klousule 4).

Dit is dus 'n voorwaardelike fideicommissum residui

wat geskep word, die voorwaarde synde dat die langs-

lewende, / ..

3.

lewende, mits hy of sy nie hertrou nie, by wyse

van testament die gehele gesamentlike boedel aan

iemand anders kan laat vererf. Dit word dus aan

die goeddunke van die langselewende oorgelaat of die

appellant sal erf al dan nie. Onderworpe hieraan

moet die voorwaarde in klousule 3 vervat gelees

word naamlik indien die langselewende hertrou, moet

hy of sy 'n bedrag gelykstaande aan een helfte van

die waarde van die gesamentlike boedel uitbetaal

of versekureer tot bevrediging van die Meester van

die Hooggeregshof

Die bedoeling skyn dus te wees dat die

testateurs besliste voorkeure gehad het. Eerstens

is die langselewende bevoordeel, daarna die appellant

en is/ ...
4.

en is die voorwaarde ingevoeg klaarblyklik met die oogmerk dat diegene wat uit hoofde van die hertroue van die langsewende in 'n intieme verhouding tot hom of haar te staan sou kom, nie, ten aansien van ten minste helfte van die boedel, die appellant sal benadeel nie. Die volgorde van voorkeur skyn dus te wees eers die langsewende, dan die appellant, en laastens derdes wat as gevolg van die hertroue van die langsewende 'n belang in die gesamentlike boedel mag verkry. Die hertroue van die langsewende bring nie mee dat die ander helfte van die boedel vir die appellant verlore is nie. As die langsewende buite gemeenskap van goedere trou en geen testament nalaat nie, sal daardie helfte van die

boedel/ ...

5

boedel kragtens die testament ook aan die appellant

gaan

In die lig van die voorgaande moet die voorwaarde in klousule 3 uitgelê word. Die geskilpunt is of die woorde: "uitbetaal of versekureer tot bevrediging van die Meester van die Hooggeregshof," 'n reg aan die appellant verleen om by hertroue die helfte van die waarde van die gesamentlike boedel uitbetaal te word dan wel of die langslewende 'n keuse het om of uit te betaal of slegs die belang van die appellant te verseker vir realisering op 'n later datum, en indien laasgenoemde, op watter datum.

Ek meen nie dat, aangenome dat die langslewende 'n keusereg het en dat hy/sy sou verkies om

by/ ...

6.

by hertroue liewer te verseker as om uit te betaal,
daar enige onsekerheid bestaan ten aansien van die
datum waarop die appellant op die laaste op helfte
van die boedel geregtig sou word nie. Die aard van
die erflating, onderworpe aan die keuse om uit te
betaal, bly nog dié van 'n fideicommissum. Indien
die keuse nie uitgeoefen word om vroeër uit te
betaal nie, sal die appellant op sy versekerde aan-
deel in die boedel by die dood van die langslewende
geregtig wees, Indien, soos ek hierbo daarop gewys
het, die langslewende buite gemeenskap van goedere
hertrou het, en geen latere testament gemaak het
nie, sal die appellant by die dood van die langslewen-
de geregtig wees op die gehele gesamentlike boedel

wat/ ...
7.

wat sal bestaan uit sy versekerde helfte en wat

daar mag oor wees van die ander helfte.

Gesien die bedoeling van die testateurs om die langsllewende bo die appellant te bevoordeel, meen ek dat die rnoontlike ongerief vir die langsllewende om die helfte van die boedel te gelde te maak by hertroue ook by hul le 'n oorweging rnoes gewees het en dat dit die rede is vir die keusereg wat aan die langsllewende gegee is. Dat die langsllewende, indien hy/sy sou verkies om te versekureer liewer as om uit te betaal, te eniger tyd voor sy/haar dood kan besluit om die sekuriteit af te los wanneer dit gerieflik mag wees om dit te doen, is na my mening nie strydig raet dxe voorwaarde nie.

Indien/.....

8.

Indien die appellant'se betoog reg is'moet

die woorde "uitbetaal of versekureer tot bevrediging

van die Meester van die Hooggeregshof" gelees word om voorsi.ening te maak vir twee moontlike gebeurlikhede naarnlik, eerstens, as die hertroue sou plaasvind terwyl die appellant nog minderjarig is moet die uitbetaling verseker word totdat die appellant meerderjarig word wanneer die uitbetaling moet geskied en, tweedens, as die hertroae sou plaasvind nadat die appellant reeds meerderjarig geword het moet die uitbetaling onmiddellik geskied. Daar is betoog dat so 'n uitleg aangedui word deur die vereiste wat gestel word dat sekuriteit tot bevrediging van die Meester gestel word, want, so is aangevoer, dit is

die/

9.
die Meester se funksie om na die belange van

minderjariges om te sien. Dit is sekerlik so dat

die Meester moet waak oor die belange van minder-

jariges maar dit is nie sy enigste funksie of
bevoegdheid nie. Aan hom is ook opgedra om, sover
dit die bereddering van boedels betref, die belange
van skuldeisers, erfgename, legatarisse en almal
wat 'n eis teen die boedel het, te beskerm. Kyk

Wessels v The Master of the High Court 9 SC 18 op 26

Die opeenvolgende Boedelwette 24 van 1913 en 66 van
1965 bevat uitvoerige bepalings in hierdie verband.

Ek meen nie dat die herhaling van die
ouderdom van die appellant in die testament enigiets
bedui nie. Waarom, indien hulle met die invoeging

van 'n/

10.

van 'n paar woorde in klousule 3 hulle bedoeling
duidelik kon maak, sou hulle verkies om hulle

bedoeling by wyse van die vermelding, selfs al sou dit herhaal word, van die ouderdom van die appellant te verskuil .

Die orde van die woorde waarin die voorwaarde gegiet is, is ook, na my oordeel, belangrik. Indien dit die bedoeling was dat sekerheid gestel moes word wanneer die hertroue plaasvind terwyl die appellant nog minderjarig is, sou verwag word dat vir so 'n gebeurlikheid eerste voorsiening gemaak sou word want meerderjarigheid volg op minderjarigheid en dit sou meer logies wees om die alternatiewe moontlike gebeure kronologies te stel.

Die uitoefening van die keuse om te betaal

by/
11.

by hertroue is nie onbestaanbaar met hertroue

terwyl die seun nog minderjarig is nie. Waar die
langslewende kragtens klousule 5 sowel die voog
of voogdes as die eksekuteur of eksekutrise van
die testament en beredderaar of beredderaarster
van die boedel is, sou die Meester in die geval
van so 'n gebeurlikheid waarskynlik 'n inbetaling
van die betrokke bedrag in die Voogdyfonds gelas
het.

Wat die vraag betref of, indien die langs-
lewende sou verkies om by hertroue te verseker en nie
uit te betaal nie, die sekuriteit vrugtedraend moet
wees, stem ek met eerbied met die Hof a quo saam.

Dit was die wesentlike bedoeling van die erflaters

dat/ ...
12.

dat die appellant alleen by die dood van die langs-

lewende sou erf. Die keuse aan die langslewende om by hertroue (of enige tyd daarna voor sy/haar dood) uit te betaal was na my mening ingevoeg vir doeleindes van gerief van die langslewende. Die keuse is aan hom of haar gelaat om die boedel te bevry van die las wat andersinds daarop sou rus tot by sy of haar dood - 'n las wat ongerieflik kon wees uit die oogpunt van beskikking oor sy of haar deel van die boedel tydens sy/haar leeftyd of by sy/haar dood

Ek sou die appèl afwys, met koste.

APPÈLREGTER

